



Sirkel

Week 7

INLEIDING

Jesus het gereeld grense oorgesteek en gee vir ons die bediening van versoening. Die Drie-Enige God nooi ons in die groter sirkel van die lewe saam met Hom. Ons vra dus doelbewus die week: Wie sluit ek in en wie sluit ek uit?

Daaglikse ritme

I. Stil word

Gebruik die stappe in die Intro om ten volle van God se teenwoordig bewus te word. Haal diep asem en maak jouself oop vir 'n ontmoeting met God.

II. Gebed voor die lees van elke dag se teks

“Here, U is ons Drie-enige God - U maak die sirkel groter. Help my om in die ritme van U insluitende liefde te leef.”

III. Daaglikse tekste

Lees vandag se teks en oordenking met 'n bewusheid dat God Homself wil openbaar. Alhoewel net een teksvers beklemtoon word, is dit goed om die tekste rondom die vers ook te lees.

Dag 1: Jakobus 2:8-13

Vers 8,9: “As julle werklik die wet van die koninkryk van God onderhou soos dit in die Skrif staan: “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself,” dan doen julle reg. Maar as julle die mense na die uiterlike beoordeel, doen julle sonde en veroordeel die wet van God julle as oortreders.”

Ons sluit baie keer mense uit volgens ons beoordeling van hulle uiterlike. Hierdie is egter ‘n gewoonte wat ons kan afleer binne God se koninkryk. Vra die Here om jou te help.

Dag 2: Spreuke 25:21,22

“As iemand wat jou haat, honger is, gee hom iets om te eet; as hy dors is, gee hom iets om te drink. Die Here sal jou daarvoor vergoed, en jy sal jou vyand vuurrooi van skaamte laat word.”

Wanneer ons dié haat wat ons haat versterk ons die kwaad. In Jesus breek ons die siklus van haat met kreatiewe liefde. Hoe kan jy in hierdie week dit doen?

Dag 3: Johannes 8:48,49

“Die Jode het toe vir Hom gesê: “Ons het mos gesê jy is ‘n Samaritaan en van die duiwel besete!” Jesus het geantwoord: “Ek is nie van die duiwel besete nie, maar Ek eer my Vader, en julle doen My oneer aan.”

Jesus word beledig as ‘n “Samaritaan” maar versterk sy identiteit in die Vader. Hoe kan jy in ‘n groter identiteit as jou kultuur se definisies lewe?

Dag 4: Handeling 1

“Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.”

Toe die dissipels hierdie belofte hoor, sou hulle geskok gewees het deur die grense wat hulle moes oorsteek. Deur die krag van die Gees kan ons ook deur grense beweeg. Watter grens nooi God jou uit om oor te steek?

Dag 5: Handeling 10:24-33

Vers 28: “en hy sê vir hulle: “Julle weet dat ‘n Jood nie met iemand van ‘n ander volk mag omgaan of by hom in die huis mag kom nie, maar God het vir my gewys dat ek geen mens as onheilig of onrein mag beskou nie.”

Petrus leer by die Here dat die mensgemaakte grense gebreek word. Hy gaan aan huis by iemand wat heeltemal anders as hy is. Watter mense beskou jy steeds as onrein?

Dag 6: Galasiërs 3:26-29

Vers 28: “Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één.”

God maak mense divers. In die Jesus-familie is daar groot diversiteit. Hoe kan jy ook lief word vir diversiteit?

Weeklikse ritme - kleingroepe

Ons ontmoet mekaar

- Deel met mekaar hoogtepunte en laagtepunte van die afgelope week.
- Wat uit verlede week se groepsbyeenkoms bly jou by? Deel met mekaar.

Ons ontmoet God

- Steek 'n kers aan op die tafel. Begin hierdie week se groep deur die volgende gebed 'n paar keer saam te bid: Here, U is ons Drie-enige God - U maak die sirkel groter. Help my om in die ritme van U insluitende liefde te leef.
- Lees die teksgedeelte saam: **Johannes 4:1-15**.

Ons deel met mekaar

- Gee geleentheid dat elkeen in die groep deel wat hulle in die teksgedeelte hoor. Moenie mekaar onderbreek of korrigeer nie, maar gee geleentheid dat elkeen hulle eie ervarings vanuit die teks kan deel.
- Luister so na mekaar dat ons ook God se stem in mekaar kan hoor.
- Wanneer het iemand jou uitgesluit in jou lewe? Deel jou ervarings hiervan. Wanneer het iemand jou ingesluit in jou lewe? Deel jou ervarings en wat dit aan jou gedoen het.
- As jy eerlik kan wees met jouself..... Watter mense sluit jy uit i.t.v. die “ismes” - klassisme, rassisme, seksisme?
- Dink wie is die mense saam met wie jy gewoonlik kuier en tyd spandeer en insluit. Is daar dalk ander mense wat die Here jou uitnooi om in te sluit? Wat sou dit prakties vir jou beteken?
- “The aim of God in history is the creation of an all-inclusive community of loving persons with God himself at the center of this community as its prime Sustainer and most glorious Inhabitant” - Dallas Willard. Bespreek hierdie aanhaling van Willard.

- Hoe sou God se droom in die verband lyk vir ons dorp, gemeenskap en ons gemeente?

Ons bid saam

Mag ons die durf hê om die grense oor te steek en te leer wat dit beteken om mense te wees wat ander insluit in God se liefde. Mag ons dié vergewe wat ons uitsluit.

Hierdie is 'n projek waaraan gemeentes in die verenigende Ring van Stellenbosch deelneem. Ons dank aan **Marie Britz, Tom Smith** en **Rhythm of Life** vir die gebruik van hulle materiaal in die samestelling van die handleiding vir ons gemeente.